

FGGW TYGERBERGKAMPUS

REËLS EN REGULASIES

2021 TSR-VERKIESING

Reëls en regulasies

Neem asseblief kennis van die onderstaande reëls en regulasies wat vir die 2021-verkiesing vir die Tygerberg Studenteraad (TSR) geld. Hierdie dokument is op die Verkiesingswet (1998 en voorlegging van 2021) en die TSR Grondwet (2015) gegrond.

1. Waardes en standaarde

Die onderstaande waardes en standaarde word tydens verkiesings vir studenteleierskapstrukture, wat die TSR-verkiesing insluit, bevorder om 'n verkiesingsproses te verseker wat –

- (a) vir maksimale toegang tot inligting oor kandidate en die verkiesingsproses voorsien;
- (b) vir maksimale deelname en betrokkenheid vanuit die Tygerberg-studentegemeenskap voorsien;
- (c) demokraties, niediskriminerend en inklusief is;
- (d) vry en regverdig is;
- (e) tersaaklik en deursigtig is;
- (f) die belange van die strukture en/of die kampus bevorder; en
- (g) debatvoering en gesprek van gehalte met kandidate stimuleer.

2. Regte

Alle studente het die reg om –

- (a) hulle stem vir 'n kandidaat onafhanklik en in die geheim uit te bring;
- (b) wettige verkiesingsveldtogte te voer;
- (c) die verkiesings- en veldtogmateriaal te versprei wat deur die betrokke verkiesingsowerheid goedgekeur is;
- (d) hulle taalvryheid uit te leef;
- (e) hulle vryheid van spraak uit te leef;
- (f) openbare vergaderings ooreenkomstig die geldende Covid-regulasies te hou;
- (g) die plakkate te vertoon wat deur die betrokke verkiesingsowerheid ontwerp en verskaf is;
- (h) ondersteuning onder kiesers te werf; en
- (i) sosialemedia-platforms te gebruik om reklame vir hulle veldtog te maak.

FGGW TYGERBERGKAMPUS

REËLS EN REGULASIES

2021 TSR-VERKIESING

3. Oortredings

Alle persone op wie die Verkiesingswet toepaslik is, moet gedurende die verkiesingstyd –

- (a) aan alle opdragte vanaf die Stembuskomitee voldoen en alle billike besluite van die Stembuskomitee deurvoer;
- (b) nie taal gebruik of enige ander soort handeling uitvoer wat tot geweld of intimidasie kan lei nie;
- (c) hulle weerhou van handelings en praktyke wat onbillik diskrimineer in verband met die verkiesing of daarop gemik is om iemand op grond van ras, geslag, seksuele oriëntasie, etnisiteit, klas of godsdiens te verneder;
- (d) niks doen wat die regte van enigiemand kan aantas om redelike toegang te verkry tot kiesers met die oogmerk om ondersteuning te werf nie;
- (e) hulle daarvan weerhou om enige materiaal vir stemming of die verkiesing op enige manier onwettig te verwyder, te beskadig of te vernietig;
- (f) hulle daarvan weerhou om die materiaal vir enige kandidaat se veldtog te verwyder, beskadig of vernietig;
- (g) geen eie fondse op reklame bestee nie;
- (i) punt (g) ook ten opsigte van geborgde bladsye op Facebook, Instagram en Twitter asook enige borgskappe toepas;
- (h) hulle weerhou van enige poging om mag te misbruik, op voorregte of beïnvloeding aanspraak te maak, of enige vorm van dwang toe te pas met die oogmerk om iemand te oorreed om vir 'n sekere kandidaat te stem;
- (i) hulle daarvan weerhou om in enige verkiesingsmateriaal wanvoorstellings oor hulleself te maak;
- (j) hulle daarvan weerhou om enige rassistiese, seksistiese, homofobiese, vals, lasterlike of enige soortgelyke aantygings van daardie aard in verband met die verkiesing te maak, te publiseer of te herhaal wat iemand se menswaardigheid sou kon aantas;
- (k) hulle daarvan weerhou om enige vorm van aansporing of vergoeding aan enigiemand aan te bied met die oogmerk om sodanige persoon se stem of nee-stem in die verkiesing te bekom;
- (l) hulle daarvan weerhou om hulle stem uit te bring op 'n manier wat hulle weet nie vir hulle toelaatbaar is nie; en

FGGW TYGERBERGKAMPUS

REËLS EN REGULASIES

2021 TSR-VERKIESING

- (m) hulle daarvan weerhou om enigiets te doen wat studente se privaatheid of reg tot 'n geheime stemming aantast.

4. Kandidate se verantwoordelikhede

Hoewel die Stembuskomitee kandidate toelaat om hulle plakkate te vertoon waar hulle dit ook al wil opplak, dra die kandidate die verantwoordelikheid om seker maak dat die plakkate wat hulle vertoon, *geen reëls oortree van die platform waarop hulle dit plaas nie*. Verbreking van hierdie reël sal tot dissiplinêre optrede lei.

5. Sosiale media en plakkate

5.1 Plakkate

Die Verkiegingskommissie of tersaaklike verkiesingsowerheid is vir die fotografie, ontwerp en verspreiding van alle reklameplakkate verantwoordelik.

5.2 Sosiale media

Kandidate word aangemoedig om sosialemedia-platforms soos Facebook, Instagram en Twitter optimaal te benut.

Let wel: Die reëls hier bo moet ook in sosiale media deurentyd noukeurig nagekom word, en sal streng afgedwing word.

5.3 Aanvullende reëls

- (a) Slegs sosialemedia-platforms mag vir aanvullende reklame gebruik word. Dit wil sê geen kandidaat mag massakommunikasie (SMS, e-pos of enige soortgelyke media) vir reklamedoeleindes gebruik nie; en
- (b) Kandidate mag wel met 'n beslote groep vriende elektronies of andersins kommunikeer, maar moet 'n verklaring daarby insluit wat die ontvangers uitdruklik verbied om daardie boodskap as massakommunikasie aan te stuur.
- (c) Kandidate mag op hulle sosialemedia-platform vir die verkiesing foto's plaas waarop hulle besig is om hulle veldtog te voer. Dit sluit video's van soortgelyke aard in.

FGGW TYGERBERGKAMPUS

REËLS EN REGULASIES

2021 TSR-VERKIESING

6. Afdwinging

Enige oortreding van hierdie reëls maak die oortreder aanspreekbaar vir 'n ondersoek deur die Verkiesingskommissie, en skuldigbevinding sal tot diskwalifikasie lei. Kandidate sal aanspreeklik gehou word vir enige massakommunikasie wat die Wet oortree indien sodanige middele gebruik is om hulle te onderskryf of met hulle veldtog te help, tensy hulle kan bewys dat hulle niks met die betrokke oortreding te doen gehad het nie.

7. Finansiële ondersteuning vir kandidate

- (a) Die geldbedrag wat kandidate op hulle veldtog vir die 2021/2022-verkiesing mag bestee, is R0,00 (nul rand).
- (b) Aangesien vanjaar se verkiesing en sommige maniere van dataverkryging aanlyn sal geskied, kan kandidate by die Tygerberg-stembuskonvenor(s) om geldelike bystand aansoek doen indien hulle vir sodanige bystand in aanmerking kom volgens die middeletoets wat die Afdeling Beurse en Lenings toepas.
- (c) Die Afdeling Beurse en Lenings moet geraadpleeg word voordat enige aansoek om finansiële bystand toegestaan word.
- (d) Finansiële ondersteuning vir die 2021/2022-verkiesing sal slegs in die vorm van data wees. Die enigste doel van die data is sodat kandidate hulle verkiesingsmanifes op die goedgekeurde sosialemedia-platforms kan laai, en koususse en ander vergaderings kan bywoon.
- (e) Die waarde van finansiële bystand wat aan elke afsonderlike kandidaat verleen word wat suksesvol aansoek doen om data te ontvang, mag nie R200 oorskry nie.

FGGW TYGERBERGKAMPUS

REËLS EN REGULASIES

2021 TSR-VERKIESING

8. Akademiese vereistes vir kandidatuur in die Tygerberg Studenteraad-verkiesing

- (a) Die akademiese vereistes vir kandidatuur vir die TSR-verkiesing is ingestel om situasies te vermy waar TSR- lede weens akademiese redes en om hulle akademiese prestasie te beskerm, bedank voordat hulle ampstermyn verstreke is.
- (b) Ten einde op akademiese vlak in aanmerking te kom, moet kandidate in die jaar waarin die TSR-verkiesing plaasvind, aan die volgende minimumvereistes voldoen:
 - (i) minstens 50% vir elke semestermodule, en
 - (ii) 'n klaspunt van minstens 55% vir elke jaarmodule.
- (c) Studente wat gevaar loop om nie aan die US se hertoelatingsvereistes te voldoen nie, mag nie as kandidate in die TSR-verkiesing staan nie.
- (d) Kandidate se amptelike akademiese rekord kan besigtig word om te bepaal of die persoon aan die vereistes in subparagraaf (b) en (c) voldoen.

9. Akademiese diskwalifikasies

- (a) Kandidate wat nie aan die akademiese vereistes voldoen wat in paragraaf 13 van die TSR Grondwet bepaal word en hier bo voorgeskryf word nie, mag hulle nie vir verkiesing tot die TSR beskikbaar stel nie.
- (b) Die TSR-stembuskonvenor(s) moet die kandidate se akademiese rekords by die Registrateurskantoor bekom en enige gevalle by die komitee bedoel in subparagraaf (c) hier onder aanmeld van kandidate wat skynbaar nie aan die bepalings van paragraaf 13 voldoen nie.
- (c) Die besluit om die kandidatuur van 'n voornemende kandidaat op akademiese gronde te verwerp, berus by 'n komitee wat soos volg saamgestel moet wees:
 - (i) die Hoof: Studentesake,
 - (ii) die TSR-voorsitter wie se termyn ten einde loop,
 - (iii) (een van) die TSR-stembuskonvenor(s),
 - (iv) die dekaan van die kandidaat se fakulteit of die dekaan se afgevaardigde, en
 - (v) een addisionele lid van die TSR Stembuskomitee wat deur daardie komitee afgevaardig is.

FGGW TYGERBERGKAMPUS

REËLS EN REGULASIES

2021 TSR-VERKIESING

10. Ander gronde vir diskwalifisering van kandidate

Benewens nievoldoening aan die vereistes soos hier bo uiteengesit, moet die stembuskonvenor(s) die benoeming van 'n kandidaat ook verwerp as die persoon al minstens twee semesters lank nie 'n US-student is nie.

11. Bekendstellingsvideo

Alle kandidate moet 'n video saamstel wat hulle verkiesingsmanifes bevat en waarin hulle antwoord op vrae wat die Stembuskomitee ontvang het. Die kandidate moet alle riglyne in hierdie verband wat die Stembuskomitee aan hulle kommunikeer, raadpleeg en navolg.

12. Klagtes

Om 'n klagte oor die verkiesing van 'n sekere kandidaat, die verloop van die verkiesing of die geldigheid van die verkiesingsuitslag te lê, raadpleeg asseblief Skedule 1, Afdeling S4 – “Uitslae en klagtes” – van die TSR Grondwet.